# BURGEMEESTERSBRIEF AUGUSTUS 2025



## RAAD KEUR STRATEGIESE ONTWIKKELINGSAGENDA VIR MOSSELBAAI GOED

Dit is 'n voorreg om aan te kondig dat die Raad op Donderdag, 28 Augustus 2025, 'n reeks strategiese en gemeenskapsgerigte voorstelle, suksesvol goedgekeur het.

Hierdie besluite sal 'n betekenisvolle verskil maak met volhoubare ontwikkeling, verantwoordelike bestuur en inklusiewe groei regoor Mosselbaai.

Hierdie goedkeuring bevestig ons verbintenis tot die bou van 'n veerkragtige Mosselbaai waar elke inwoner toegang het tot geleenthede en dienste wat hul lewens verbeter.

**Diosma Natuurreservaat gemagtig**

Die Raad het die verklaring van die Diosma-bewaringsgebied as 'n natuurreservaat, goedgekeur. Die Notariële Ooreenkoms is teen Erf 19274 geregistreer, en die ontwikkeling van 'n Omgewingsbestuursplan in samewerking met die Mosselbaai Bewaringsforum is aan die gang.

Ek bedank veral ons omgewingsbeamptes en die wyksraadslid van Wyk 6, waar die Diosma-reservaat geleë is, Raadsheer Mark Furness, vir hul harde werk in hierdie verband, en sien uit na die planne vir die uitbreiding van hierdie reservaat na nog areas waar die bedreigde Diosma voorkom.

**Plaaslike Implementering van die 2030 Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (SDG) Agenda**

Die Raad het Mosselbaai se verbintenis tot die Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte bevestig. 'n Munisipale SDG-raamwerk is goedgekeur, en 'n multibelanghebbende forum is gestig om voortgesette dialoog en monitering te fasiliteer.

My dank ook aan Logan Duthie vir die beduidende werk in hierdie verband wat Mosselbaai, as een van weinig munisipaliteite in die land, aan die voorpunt stel van die implementering van hierdie doelwitte.

**Gemeenskapsgebaseerde Middelafhanklikheidsprogram – Herbertsdale**

Die Raad het die samewerkingsooreenkoms tussen Indocraft (Edms) Bpk, Universiteit Utrecht en Mosselbaai-munisipaliteit bekragtig. Die program vir voorkoming en behandeling van middelafhanklikheid in Herbertsdale sal nou geïmplementeer word. Die munisipaliteit sal fasiliteite kosteloos verskaf, en alle partye het ingestem om insigself vir befondsing aansoek te doen. Die Direkteur: Gemeenskapsdienste is aangewys om die projek te lei en sal gereeld verslag doen aan die Raad.

**Wysigings aan Raad se Ordereëls**

Die voorgestelde wysigings aan Reëls 42, 51 en 69 van die Ordereëls van Raadsvergaderings is goedgekeur en onmiddellik van krag. Alle Raadslede het opgedateerde dokumentasie ontvang.

**Hersiene Skenkingsbeleid**

Die hersiene Skenkings- en Toekenningsbeleid, in lyn met MFMA Omsendskrywe Nr. 131, is deur die Raad aanvaar. Die bestaande Finansiële en Nie-finansiële Ondersteuningsbeleid is herroep, en die nuwe beleid is reeds geïmplementeer.

# BURGEMEESTERSBRIEF AUGUSTUS 2025

**DBV Aanstelling vir skutdienste**

Die Raad het die aanstelling van die DBV om munisipale skutdienste te lewer vir 'n tydperk van ses maande bekragtig . Die Diensvlak-ooreenkoms is gesluit, en die nodige begrotingsfondse is beskikbaar gestel.

**Vleistraat-projek van R10 miljoen amptelik geopen**

Op Woensdag 27 Augustus 2025 het ek die voorreg gehad om die amptelike opening van die Vlei Straat-projek — 'n belangrike infrastruktuurontwikkeling van die Mosselbaai-munisipaliteit ter waarde van R10 miljoen, by te woon. Hierdie projek is 'n duidelike teken van ons toewyding om die groei van ons dorp met vooruitdenkende beplanning te bevorder.
Mosselbaai is tans een van die vinnigste groeiende dorpe in die land, en dit is dus van kardinale belang dat ons infrastruktuur tred hou met die tempo van ontwikkeling.



Projekte soos dié verseker dat ons nie net voorbereid is op toekomstige uitbreiding nie, maar ook dat ons huidige inwoners voordeel trek uit verbeterde toegang en mobiliteit. Ek wil graag 'n spesiale woord van dank rig aan die Direkteur van Infrastruktuurdienste, Dick Naidoo en ons Portefeuljevoorsitter vir Infra-stuktuurdienste, Raadsheer Anton Dellemijn vir hul waardevolle ondersteuning en betrokkenheid by hierdie projek. Hul toewyding en kundigheid het 'n direkte bydrae gelewer tot die suksesvolle voltooiing van hierdie ontwikkeling.




Ons sal aanhou bou — nie net paaie nie, maar ook 'n Mosselbaai wat inklusief, volhoubaar en gereed is vir die toekoms.

Ek wil ons gemeenskap bedank vir hul ondersteuning. Saam maak ons Mosselbaai 'n veiliger, meer inklusiewe en toekomsgerigte dorp.

Raadsheer Dirk Kotzé

Uitvoerende Burgemeester
Mosselbaai-munisipaliteit